Hasie Kwassie
GRAAD R & GRAAD RR

Kwetter Letter

NOMMER 10 VAN 2021 : 01/04/2021

| Lees asseblief alle inligting |

1. PERSONEEL BOODSKAP

VERKEER RONDOM DIE SKOOL

Ouers moet asseblief kennis neem dat die verkeer rondom die skool ‘n baie groot uitdaging is en ook ‘n risiko inhou. **Klein kinders word daagliks af- en opgelaai, en elkeen se veiligheid is prioriteit**. Na vele ontmoetings in die verlede met die Verkeersdepartement, het die skool besluit om ons ouers te versoek om, sover moontlik, vanaf Maandae tot Vrydae **anti-kloksgewys** om die skool te beweeg – slegs gedurende die volgende tye: 06:30 – 07:30 (oggende) en weer vanaf 13:00 – 14:30 (middae).

Die skool vergader eersdaags weer met die Verkeersdepartement, sowel as die eienaars van eiendomme rondom die skool, om die impak van hierdie **proeflopie** te bespreek.

LET WEL:
DIE TWEE-RIGTING VERKEERSREËL GELD STEEDS WANNEER HASIE KWASSIE LEERDERS OM 12:30 OPGELAAI WORD.



Dankie dat ons op u samewerking kan staatmaak.

HASIE KWASSIE SAL OP DONDERDAG, 1 APRIL 2021, OM 11:15 VIR DIE LANGNAWEEK SLUIT.

DIE NASKOOLSENTRUM SAL WEL OP DONDERDAG OOP WEES TOT 18:00 VIR NASKOOL-LEERDERS.

DIE SKOOL EN NASKOOLSENTRUM SAL GESLUIT WEES OP VRYDAG, 2 APRIL 2021 EN OP MAANDAG, 5 APRIL 2021.

2. Verjaarsdae

- Baie geluk aan al ons Hasie Kwassie maatjies wat hul verjaardag in APRIL vier! Geniet ‘n dag propvol pret!

Juffrou Lynette : Zandré 02/04 ; Mianké 25/04
Juffrou Cathy : Aiden 02/04 ; Ruben 13/04 ; Antonio 20/04
Juffrou Sonja : Khaya 30/04
Juffrou Anke : Shezell 10/04 ; Tian 25/04



NB: Ons weet verjaardae is baie spesiaal, maar ons kan ongelukkig geen verjaardagpakkies, “cupcakes” of enige versnapperinge by die skool toelaat in die tydperk van Covid nie.

3. Buitemuurse aktiwiteite

Maandag - Playball ; Drama ; Ballet
Dinsdag - Gholf ; Swem
Woensdag - Netbal ; Rugby Akademie (**Onthou tekkies**)
Donderdag - Tennis - (**Onthou tekkies**) ; Swem
Vrydag - Dance Mouse

Playball	Debbie 082 440 4708	Gholf	Keagan 083 782 7781
Swem	Ellen 082 920 8747	Ballet	Karlien 083 297 5714
Netbal & Rugby Akademie	Venessa 083 660 4707 Dawid 081 575 2682	Tennis	Diaan 071 895 1619
Dance Mouse	Elden 078 998 3688	Drama	Lydia 073 829 0593

*** KONTAK ASSEBLIEF DIE BETROKKE AFRIGTERS DIREK INDIEN U ENIGE NAVRAE HET**.

4. Tema vir die week

06/04/2021 - 09/04/2021

PAASFEES EN SPESIALE VAKANSIEDAE

Praat met u kind oor spesiale vakansiedae en die betekenis daarvan.

5. Opvoedkundig

5.1 NUUSLÊER

- Die nuuslêer moet assebief voor/op Dinsdag by die skool wees.
- U kan ook die Riebie-Klanke en alle inligting op die webwerf, www.riebie.co.za en **d6** lees.

5.2 KOM ONS WORD SLIM

Graad R-leerders:-

- Teken op groot papier (A3) of groter.
- Gebruik vetkryte of uitdraaikryte.
- Hou kryte korrek vas vir teken en inkleurwerk.
- Gebruik volle spasie (teken groot).
- Teken detail.
- Gebruik dominante hand.
- Plaas papier in die middel van liggaamsposisie. Kruis middellyn.
- Korrekte sitposisie is noodsaaklik.
- Onthou: Tekenwerk is voorbereidende skrif vir Graad 1.

Graad RR-leerders:-

- Help jou kind om de regte postuur aan te leer. Laat hulle regop sit aan tafel en soms selfs op die bank. Leer hulle om hul voete op die vloer te sit en nie op die stoel of bank nie.

6. Algemeen

6.1 BELANGRIKE DATUMS

Teken asseblief die volgende belangrike datums in u dagboek aan :

Donderdae	**Nuusboek**
Vrydae	**Nuusboek terug**
1 April	Hartjie-Dag.
22 April	Paashoed-Dag.
23 April	Skool sluit.
3 Mei	Skool heropen.

- *Verdere datums en inligting vir die res van die kwartaal sal bygevoeg word in lyn met die aangepaste skoolkalender.*

Hierdie program is onderhewig aan veranderings
Verwys ook na die Riebie-Klanke
Web & D6

6.2 KONTAK SKOOL

- Indien 'n Hasie Kwassie personeellid gekontak moet word, skakel asseblief tussen **10:30 en 11:00** en vra om met u kind se Juffrou te praat.

6.3 KUNSWEDSTRYD

- Kunswedstryd WhatsApp-groepe is gestig vir die betrokke leerders. Inligting rakende die gedigte is op die WhatsApp-groepe gedeel.
- Ondersteun asseblief u kind, sowel as die drama juffrou, en leer vir u kind die spesifieke gedig.

6.4 BUITESPEL

Leerders speel op Netbalbane / Rugbyveld soos volg:

Dinsdag	- 6 April	: Juffrou Cathy se leerders
Woensdag	- 7 April	: Juffrou Lynette se leerders
Donderdag	- 8 April	: Juffrou Anke se leerders
Vrydag	- 9 April	: Juffrou Sonja se leerders

Belangrik: ONTHOU TEKKIES !!!

6.5 PAASHOED-DAG

- Ons vier Paasfees op 22 April 2021.
- U kan saam met u kind 'n paashoed maak vir die pret!
- Kom op die dag met jou hoed skool toe.
- Ons gaan pragtig lyk!

6.6 OUPA- EN OUMADAG

- ❖ Oupa- en Oumadag word vanjaar virtueel aangebied.
- ❖ Die opname sal op **14 Mei 2021** plaasvind.

Kleredrag – Seuns en Dogters

- Wit kortmou T-hemp.
- Denim langbroek.
- Tekkies.
- HK windjakker indien die weer koel is.

Dogters se hare : Lang hare in 2 x poniesterte met WIT LINTE.

Seuns se hare : Kort en netjies.

6.7 OPNAME: GRAAD R & GRAAD RR

Ouers wat nog nie die opname voltooi het nie en wel voornemende Graad R of jonger kinders het, waarvoor hulle in die toekoms sal wil aansoek doen, kan 'n e-pos stuur na naomi@riebie.co.za .

6.8 PRETDAG – GRAAD R & GRAAD 1 - 2022

Die Pretdag vir voornemende Graad R en Graad 1 leerders vir 2022, sal **tussen 08:00 en 10:00 op Saterdag, 17 April 2021**, plaasvind.

Voornemende Gr R en Gr 1 leerdertjies en hul ouers kan kom deel in die **ontdekkingsreis.** (Ons versoek vriendelik dat geen boeties en sussies saamgebring word nie).

Stuur asseblief so gou moontlik alle uitstaande skeurstrokies terug.

6.9 GRAAD R - 2022

Aansoeke vir **Graad R (2022)** by Hasie Kwassie open op **Woensdag, 5 Mei 2021**. Aansoekvorms sal beskikbaar wees vanaf die dag van opening, 5 Mei 2021, by Me. Naomi van Niekerk in die skoolkantoor. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 9 Junie 2021, maar dit is wys om so gou moontlik na die openingsdatum aansoek te doen. Meer besonderhede oor die aansoekproses sal vooraf aan u gekommunikeer word. Hou asseblief die nuusbriewe en d6 dop in die verband. Die **amptelike inskrywing** van suksesvolle aansoekers sal **enige tyd tussen Julie 2021 en einde Augustus 2021** plaasvind.

Ouers kan intussen gerus die volgende **verpligte stawende dokumente** gereed kry om saam met die aansoek in te dien:

- **Gesertifiseerde** afskrif van kind se Onverkorte (Unabridged) Geboortesertifikaat.
- Afskrif van Inentingskaart/rekord.
- **Gesertifiseerde** afskrifte van **beide** ouers se ID dokumente.
- Bewys van adres, nie ouer as 3 maande nie (W&L rekening, of amptelike huurooreenkoms op agentskap briefhoof, in die ouer se naam).
- Indien u nie die biologiese ouers is nie, dokumente wat u wettige voogskap bevestig.

6.10 GRAAD 1 - 2022

Die openingsdatum vir aansoeke vir **Graad 1 - 2022** is nog nie deur die Departement van Onderwys aangekondig nie.

Hou asseblief die media en die skool se nuusbriewe en skrywes dop vir die openingsdatum en vir meer inligting.

Sodra die datum aangekondig word, moet ouers vanaf dié spesifieke openingsdatum, ingevolge departementele riglyne, **AANLYN** by www.gdeadmissions.gov.za aansoek doen.

Die skool sal mettertyd meer inligting hieroor met ons ouers deel.

6.11 CANSA – SPAARVARKIE PROJEK

Die Riebies is deur CANSA genader om aan die "Piggy Run" deel te neem, waar geld ingesamel word vir kanker pasiënte. Hier by die "Riebie Familie" het ons al geliefdes aan die dood afgestaan as gevolg van kanker, en daar is steeds lede van ons "Riebie Familie" wat teen die siekte veg.

Elke graad het 'n spaarvarkie ontvang waarin leerders hul bydrae kan kom ingooi. Leerders kan vanaf 19 Maart 2021 tot en met 22 April 2021 'n bydrae lewer.

Dankie vir almal se betrokkenheid en die verskil wat jul ook op hierdie manier in die gemeenskap kan maak.



6.12 HARTJIE DAG – OMGEE PROJEK

Onthou ons **HARTJIE DAG**, wat **"OMGEE" DAG** is, op Donderdag, 1 April 2021.

Die kinders kan gewone klere dra, verkieslik ROOI, om ons harte wat klop en ons omgee vir ander uit te beeld.

Die kinders betaal nie om gewone klere te dra nie, maar ons vra dat leerders 'n donasie, in die vorm van byvoorbeeld 'n blikkie kos of bottel sjampoe, as toegangsfooi sal saambring.

Sien asseblief die volgende items as voorstel vir elke Graad, maar u is welkom om enige ander nie-bederfbare produkte te stuur, soos dit u omstandighede pas.

Gr R - Toiletware (Sjampoe; Tandepasta; Seep; ensovoorts).
Gr 1 - Skoonmaakmiddels (Waspoeier; Jik; Skottelgoedseep; ensovoorts).
Gr 2 - Koffie; Suiker; Tee; Rys; Pasta.
Gr 3 - Blikkieskos (Tuna; Spaghetti; Corned Beef; Meatballs; Sousbone, ens.)
Gr 4 - Blikkieskos (Tuna; Spaghetti; Corned Beef; Meatballs; Sousbone, ens.)
Gr 5 - Broodsmere, Ontbytpap (Pronutro; Corn Flakes, Weetbix; ensovoorts).
Gr 6 - Broodsmere, Ontbytpap (Pronutro; Corn Flakes, Weetbix; ensovoorts).
Gr 7 - Longlife Melk; Mieliemeel; Koekmeel; Bruismeel; ensovoorts.

Dankie dat ons altyd op u positiewe bydrae kan staatmaak en so ons Riebie-gesinne in nood kan ondersteun.

NB:
Onthou dat die skool op Hartjie Dag om 11:15 sluit.

6.13 T-HEMDE (Netheid)

- Onthou spesifieke Hasie Kwassie T-hemp vir elke dag.
- T-hemp mag met kort- of langbroek gedra word.
- Langmou T-hemp mag op koeler dae onder HK T-hemp gedra word.
- Dogters – mag dieselfde kleur linte as T-hemp in hare dra. Kort hare, netjies gekam.
- Seuns – kort, netjies gekamde hare.

6.14 KLEREDRAG

- Dit word koeler – plaas ‘n warm kledingstuk in kind se tas.
- Merk ALLE kledingstukke – Naam en Van.
- Personeel aanvaar GEEN verantwoordelikheid vir verlore klere.

6.15 T-HEMDE & DRY MACS

- T-hemde beskikbaar @ R100-00 elk.
- Dry Macs beskikbaar @ R200-00 elk.

6.15 KEN MY ADRES

- Leer vir u kind u volledige woonadres.

  Byvoorbeeld:
  Armadastraat 20
  Van Riebeeck Park
  Kempton Park

- Hierdie oefening is vir assessering.

7. Finansies

BELANGRIK:

- Enige kontantgeld wat na die skool gestuur word (vir byvoorbeeld foto-gelde of instappies) moet in ‘n geseëlde koevert gestuur word, met u kind se naam en van, klas, bedrag, en waarvoor die geld bedoel is, duidelik op die koevert geskryf.
- Maak asseblief seker dat die korrekte / presiese bedrag ingesluit is.
- Hou asseblief by sperdatums wat aan u gekommunikeer word.
- Kram asseblief enige skeurstrokies of vorms aan die koevert vas. Moet dit asseblief nie saam met die geld in die koevert plaas nie.
- Ouers wat per EFT betaal, moet asseblief die bewys van betaling na die klasonderwyser stuur.

SKOOLGELDE VIR HASIE KWASSIE BELOOP R1530-00 per maand,
VOORUITBETAALBAAR VIR 12 MAANDE.

BANKBESONDERHEDE

Naam	:	LAERSKOOL VAN RIEBEECKPARK
Bank	:	FNB (TJEK REKENING)
Takkode	:	205609
Reknommer	:	62749134243
Verwysing	:	Gr R + Kind se naam & van

- Kontak Me Liesl van Straaten in die finansiële kantoor vir enige navrae.

8. Wagklas

6 April 2021 – 9 April 2021

12:30 tot 14:00

LOKAAL: Juffrou Cathy se klas

Wagklas roteer van klas tot klas, op weeklikse basis.
Slegs vir leerders met ouer boeties / sussies in Laerskool van Riebeeckpark.

GEEN SNOEPIE VRYDAG – SKOOL GESLUIT

2 APRIL 2021 & 5 APRIL 2021

PUBLIEKE VAKANSIEDAE - PAASNAWEEK.

LYNETTE | SONJA | CATHY | ANKE | VERUSCHKA